

29 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 7:15-20

Fokusgedeelte: Matteus 7:15-20

Vals profete

In hierdie perikoop handel Christus oor die vals profete (Deut. 13:1-5). Besonderlik is dit die vals profete wat dit vir die gelowiges moeilik maak om op die smal pad te gaan. Hulle tree op soos wolwe in skaapsklere. Hulle teenwoordigheid is nie gerig op die veiligheid en die beskerming en die sorg vir die skape nie. In werklikheid is hulle wolwe wat die kudde verskeur (Joh. 10:12; Hand. 20:29).

Die gelowiges is nie onbarmhartig aan die valse profete (wolwe) oorgelewer nie. Die gelowiges ontvang 'n maatstaf waaraan gesien kan word wie en wat die dreigende wolwe is. Dié maatstaf is: *"Aan hulle vrugte sal julle hulle ken"* (vs. 16).

Vandag volg Satan nog presies dieselfde taktiek om die gelowiges van God afvallig te maak deur dwaalleer wat deur valse profete verkondig word. Gelowiges moet dus versigtig wees vir mense wat godsdienstig klink, maar wie se motiewe dinge is soos geld, prestige, eiebelang, selfverheffing. Vanweë die vermomming (wolf in skaapsklere) is dit nie iets wat jy onmiddellik sien nie. Die woorde van die valse profete is so goed gekamoefleer dat die gelowige onverhoeds daarin val.

God maak van woorde gebruik om met die mens te kommunikeer. Dit gaan om *woorde*. Die belangrikste is God se woorde (Matt. 4:4; Luk. 4:4; Joh. 8:37). 'n Profeet is immers iemand wat geroep is om te praat. Die valse profete is mense wat hulleself in die mooiste woorde en godsdienstige praktyk kan voordoen. Hulle is die oorsaak vir die gees van vervlakking en louheid en traak-my-nie-agtigheid wat hom in die kerk inwurm.

Wees veral versigtig as daar 'n voorstel vir 'n makliker godsdiens jou ore bereik. Hulle versag sonde op so 'n wyse dat 'n mens nie alleen teenoor die sonde verdraagsaam is nie, maar ook maklik gekondisioneer word om dit as waar te aanvaar.

Sing: Skrifberyming 12-1

Dr. CN van der Merwe (Emeritus)